

So is dit!

Teks & musiek: Marcel Zimmer

Oorspronklike titel: Zo is dat

Afrikaanse vertaling: Marcel & Lydia Zimmer / Johan Engelbrecht

© 2013 Celmar Music

Aan die einde, as jy bid,
sê jy altyd 'Amen'.
die een wat bid - alleen voor God -
of soms ook saam met ander.
Jy sê dit elke maal,
dit is mos soos dit hoort
Maar wat beteken dit,
die klein bekende woord?

Amen, amen!
So is dit, ja, so is dit!
Amen, amen!
So is dit!

Eintlik is dit net so iets
soos 'n uitroepteken
Dit gee woorde ekstra krag
Dis wat dit beteken.
Dalk verstaan jy nou
beter wat jy sê
met die laaste woord
wanneer jy weer bid.

Amen, amen! ...

So wys jy dat wat jy sê,
opreg in jou gebed,
werklik is wat jy bedoel
wanneer jy dit bid:

Amen, amen! ...